Errol Arendz het al groot name in die internasionale celebwêreld aangetrek, maar hy is op sy gelukkigste as hy aan ontwerpe in sy studio in Kaapstad kan werk.

DEUR VANIA CLOETE-COLLISON

MODE IS MY LEWE

Hy was net vyf jaar oud toe weet hy al hy gaan eendag in die modewêreld beland. En vandag, ná byna veertig jaar in die bedryf, weet die Suid-Afrikaanse ontwerper Errol Arendz hy het 'n blywende indruk gelaat.

Daar is byna te veel hoogtepunte om op te noem in sy glorieryke loopbaan, maar Errol is nie een wat op sy louere rus nie. Hy is steeds op sy gemaklikste wanneer hy agter die skerms in sy studio in die hartjie van Kaapstad met sy maatband om sy nek aan sy jongste ontwerpe kan werk. Hy wil nie sy ouderdom verklap nie, want hy ag dit onbelangrik en verkies om dit vir homself te hou.

Dis 'n ver pad wat Errol, die oudste van drie kinders, van Elsiesrivier op die Kaapse Vlakte tot internasionale moderoem geloop het. Hy meen dis danksy sy pa en oupa dat hy so vasbeslote was om 'n naam vir homself in die bedryf te maak. "My pa was 'n baie hardwerkende man met ongelooflike dryfkrag."

DIE BEGIN

Al was geld nie 'n probleem tydens Errol se grootwordjare nie, het hy altyd hard gewerk en alles ingesit. "Soms kan jy self nie glo waarmee jy vorendag kom nie. 'n Huis moet eers op 'n goeie fondasie gebou word voordat jy by die tweede verdieping kan kom. Dit is dieselfde met my ontwerpe."

Nadat hy aan Christian Brothers College in Athlone gematrikuleer het, is Errol op agttien vir twee jaar Parys toe om sy vlerke te sprei. Volgens hom het die koue weer en verlange na sy familie hom terug Suid-Afrika toe gebring.

Errol het in 1973 in Johannesburg aan die Fashion Academy gegradueer en sy groot deurbraak as ontwerper het op 24 gekom toe die hartpionier dr. Chris Barnard se eks Barbra in Fairlady in een van sy skeppings verskyn het. Daarna wou almal iets van Errol dra en hy het ook Margaret Gardiner se rok ontwerp wat sy gedra het toe sy die Mej. Heelal-titel in 1978 wen. Hy het ook al internasionale celebs soos Sharon Stone, Joan Collins en Priscilla Presley aangetrek.

INTERNASIONAAL BEKEND

Sy ontwerpe is vandag steeds in groot aanvraag. Onlangs toe Diana se broer, Earl Charles Spencer, se tweelingdogters uitrustings moes kry vir hul neef prins William se troue, het hulle by Errol gaan aanklop.

Errol sê 'n vrou wat haarself verstaan en selfvertroue het, is vir hom die mooiste. "Destyds het Joan Collins my geleer dat jy 'n item joune maak deur dit met selfvertroue te dra."

Hy geniet dit veral om vir swart vroue te ontwerp. "Hulle staan voor die spieël en dans. Die meeste wit vroue is so onseker oor hulself en het altyd 'n groot probleem met hul knieë of arms."

VIR ALMAL

Errol se ontwerpe bly toeganklik en mense kan by sy boetiek in Houtstraat, Kaapstad, gaan kyk na die Errol Arendz High Fashion-reeks. Dis ook waar kliënte met Errol gesels oor hul ontwerpe en die meester kan natuurlik vir jou ook iets ontwerp, maar sonder 'n afspraak is dit onmoontlik!

Met sy Ready to Wear-reeks en skoenereeks wou Errol juis meer mense die geleentheid gee om sy ontwerpe te dra. "Dié reekse is vir al die mense wat oor die jare vir my gesê het as hul skip die dag inkom, gaan hulle een van my designs koop. Nou kan hulle dit teen 'n meer billike prys doen. Dis soos om 'n stukkie fantasie in jou klerekas te hê."

*Die Ready to Wear-reeks is in meer as 60 winkels te kry en is ook aanlyn by xxxx beskikbaar. Kapenaars kan ook Access Park probeer vir Errol se ontwerpe.

> "Destyds het Joan Collins my geleer dat jy 'n item joune maak deur dit met selfvertroue te dra."

LINKS BO: Van Errol Arendz se asemrowende ontwerpe by die Joburg Fashion Week 2011.